



**BELANGRIKE DATUMS**

**Mo., 4 Dec. – Learners check answer sheets (8h30-10h00)**

**Di., 12 Des. – Skool sluit vir leerders**

**Do., 14 Des. – Skool sluit vir opvoeders**

**GELUKKIGE VERJAARSDAG!**



Vry. 1 Desember – Me Sofie Oosthuizen  
Vry., 8 Desember – Mnr Piet Jacobs  
So., 10 Desember – Mnr William Matthys

**PERSONEEL**

**NUWE AANSTELLINGS**

Die volgende opvoeders is vir 2024 aangestel:

- Me Christine Viljoen: Gr 10-12 IGO en gr 8-9 Tekeninge
- Me René Brooks: Engels
- Mnr Pierre-Etienne Rossouw: Lewensoriëntering en Wiskundige Geletterdheid



Me Christine Viljoen



Me René Brooks



Mnr Pierre-Etienne Rossouw

**SKOOLVERLATERS**

Die volgende onderwysers verlaat ons aan die einde van die jaar:

- Me Schandré Joubert, IGO-opvoeder
- Me Christine Schreuder, Engels-opvoeder
- Me Anja Bezuidenhout, opgetree as studentonderwyser
- Mnr Sebastiaan Nieuwoudt, waarnemende opvoeder in IGO

Baie dankie vir jul volgehoue, onbaatsugtige dienslewering aan HSB. Ons beste wense vergesel jul op jul toekomspad.

**BD-PERSONEEL BESOEK SUIDEROORD**

Wat 'n belewenis was dit nie toe die BD-personeel en Suideroord-inwoners op 15 November saamgekuier het nie. Nadat mnr Thys Kriel 'n besielende boodskap gebring het, is daar lekker saam kersliedjies gesing en gekuier. Daar is kopstukke gesels oor kinders en mooi herinneringe is gedeel. Baie inwoners was vroeër deel van Hoërskool Bredasdorp. Van hulle het steeds bande met die skool, aangesien hul kleinkinders BD's is.

Wat 'n voorreg om so as 'n Bredasdorp-gemeenskap saam te kuier.





## DANCE EISTEDDFOD

Major congratulations to the learners of MaDFun Studio, under the leadership of Mrs. Simone Rossouw, who participated in the South African National Eisteddfod in Johannesburg.

Their results were received this week and we are very proud of them. It takes hard work, hours of rehearsals and commitment to achieve what they have on a national level.

The results as follows:

MaDFun DC Lyrical group dance: Gold

MaDFun DC Hip hop group dance: Silver

Congratulations on your results!



### Dancers:

Lillian Nel

Tamarin Konstabel

Mischa van Wyk

Kayla O'Ehley (Khula)

Martinique Dreyer

Jodi Olivier

Megan Davis

## SEWESRUGBY DUBAI

Norté Mintoer en Kyle Willeman (beide gr 11) is gekies om 'n Boland streekspan in Dubai te verteenwoordig. Hulle sal volgende week teen 7's rugbyspelers van skole van regoor die wêreld te staan kom. Dit geskied tydens die IRB internasionale Rugby Sewestoernooi waar die Blitzbokke ook deelneem.

Sterkte Norté en Kyle. Mag dit vir julle 'n onthou-ervaring wees. Geniet elke oomblik!



Norté Mintoer



Kyle Willeman



Leighton Ahrends en Tamzin Neale

## PUNTE KONTROLEER

Leerders kan op Maandag, 4 Desember, vanaf 8h30 tot 10h00 hul eksamen antwoordstelsel kontroleer. Hulle moet in skooldrag geklee wees.

## CHECKING OF MARKS

Learners can check their exam answer papers on Monday, 4 December, from 8h30 to 10h00. They must wear their school uniforms.

## RAPPORTE

- Gr 8-11 leerders se rapporte word op **12 Desember** by die skool uitgedeel.
- Leerders of hul ouers moet die rapporte tussen **8h30 en 9h30** kom afhaal.
- Leerders moet in skooldrag geklee wees.
- Ouers kan ook op 13 Desember, vanaf 9h30 hul kinders se punte op die d6+ besigtig.

## KICKBOXING

Leighton Arends, gr 9, and Tamzin Neale, gr 9, participated at the Overberg Kickboxing Championships on 11 November 2023.

Their results are as follows:

🥊 Leighton Ahrends  
Junior Boys (16-18 years old) ; U/57 kg  
Gold - Point Fighting  
Silver - Kick Light

🥊 Tamzin Neale  
Older Cadets Girls (13-15 yr old) ; U/52 kg  
Silver - Point Fighting  
Silver - Kick Light

These two students are patiently waiting to see if they have made the Overberg Kickboxing Team for 2024 that will represent the Overberg District at the Western Cape Provincial Kickboxing Championships held next year in Cape Town, in March 2024.

## HANDBOEKE 2024 / TEXT BOOKS 2024

Handboeke kan reeds vanjaar verkry word. Dit is gratis en word deur die skoolgeld gedek. Die tye vir die afhaal van u kind se boeke word langsaan aangedui.

Textbooks can already be obtained this year. It is free and is covered by the school fees. The times for collecting your child's books are indicated as shown.



**HANDBOEKE**  
**2024**  
**11 Desember**  
Graad 12 08:30-09:30  
Graad 11 09:30-10:30  
Graad 10 10:30-11:30  
Graad 8 13:15-14:30  
**12 Desember**  
Graad 9 10:00-11:00  
Gr 10-12 11:00-12:00  
Bring asseblief 'n pen saam.

**TEXTBOOKS**  
**2024**  
**LAST CHANCE**  
**16 January**  
Seniors (Grade 10-12)  
09:00-12:30  
Juniors (Grade 8-9)  
12:30-14:00  
*Please bring a pen on the day.*

## SKRYFBOEKE 2024 / WRITING BOOKS

Ouers is in 2024 self verantwoordelik vir die aankoop van hul kinders se skryfboeke en een riem papier (vir fotostate). Dis 'n beheerliggaamsbesluit wat goedgekeur is by die oueraand van 2 November 2023. Ouers kan by enige winkel die skryfboeke koop, maar ons beveel die volgende verskaffers aan omdat u aanlyn kan bestel en omdat die skool tussen 5% en 10% terugbetaling op aankope ontvang.

### Boost Procurement

#### Waltons

Ons beveel ook ons plaaslike winkel, **Premium Computers**, aan.

Al drie verskaffers het 'n graadpakket waarin al die nodige skryfboeke en 'n riem fotostaatpapier is. Die pryse wissel tussen R280 en R400 vir die verskillende grade.

In 2024, parents are responsible for purchasing their children's writing books and one ream of paper (for photocopies). It is a Governing Body decision that was approved at the Parents' Evening on 2 November 2023.

Parents can buy the writing books from any supplier, but we recommend the following suppliers because you can order online and because the school receives between 5% and 10% rebate on purchases

### Boost Procurement

#### Waltons

We also recommend our local store, **Premium Computers**.

All three suppliers have a grade pack containing all the necessary writing books and a ream of photocopy paper. The prices vary between R280 and R400 for the respective grades

**Maak dus asseblief seker dat u kind se skryfboeke en een riem fotostaatpapier by die skool is op Woensdag, 17 Januarie 2024.**

**Elke leerder moet ook 'n Casio-sakrekenaar, model fx-82ZA PLUS of model fx-991ZA PLUS hê.**

**Please ensure that your child's writing books and one ream of photocopy paper are at school on Wednesday, 17 January 2024.**

**Each learner must also have a Casio calculator, model fx-82ZA PLUS or model fx-991ZA PLUS.**

Die graadpakkette word per graad whatsapp-groep aan u gestuur. Gr 10-12 leerders moet slegs die boeke vir die betrokke vakke kies.

The grade packages are sent to you by grade whatsapp group. Gr 10-12 learners must only choose the books for the relevant subjects.

## AANLYNVERSKAFFER

Ons het bewus geraak van 'n verskaffer aan skole wat skryfbehoeftes en vele ander items kan verskaf. U kan aanlynbestellings by **Boost Procurement** doen teen billike pryse. Die skool kry 5-10% terugbetaling indien u Hoërskool Bredasdorp as die begunstigde skool aandui. Hulle lewer privaatbestellings by die huis af.

Indien u vriende en u familie ook by Boost Procurement aanlynaankope vir privaatsake of besigheid doen en Hoërskool Bredasdorp as begunstigde skool aandui, sal HSB finansieel daarby baat.

Sommige van die items wat Boost Procurement te koop aanbied, is:

Skoolboeke en skryfbehoeftes, sakrekenaars, skool- en sportklere, skool- en sporttoerusting, skooltaske, sportsakke, oefenklere, informele en formele klere, skoolskoene, drafskoene, formele skoene, skoonmaakmiddels en toiletpapier.

Besoek gerus hul webwerf by: <https://boostprocurement.co.za>

Ons sal van tyd tot tyd ook ander verskaffers aan u bekendstel.

